

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

# OPLOOP TOT matriek 2012

Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen

## BINNE

**BOODSKAPPE VAN**
- Die Wes-Kaap Minister van Onderwys.
- Die Hoof van Onderwys in die Wes-Kaap.

**STUDIE WENKE**
- Drie maklike stappe om jou te help om te beplan, te studeer en die eksamen te skryf.

**VOORBEELDE**
- Voorbeelde van vraestelle.
- Sien hoe jou eksamen gemerk gaan word.

**STUDIE ROOSTER**
- Sluit in 'n blanko studierooster wat jy vir jouself kan uitwerk!

**EKSAMENROOSTER**
- Volledige eksamenrooster om seker te maak dat jy nie jou groot dag mis nie!

**Die Wes-Kaap Onderwysdepartement wens al die kandidate sukses toe met hulle voorbereiding vir die eksamen.**

Ons sluit graag hierby in sommige voorbeelde van die vraestelle wat julle sal skryf en hoe dit nagesien sal word. Ons raai julle sterk aan om dit noukeurig deur te werk:

1. Die vraestelle sal julle 'n idee gee oor **wat om in die finale eksamens te verwag.**
2. Julle kan dit gebruik om te **oefen hoe om julle tyd te benut** wanneer julle eksamen skryf.
3. Dit sal julle ook 'n **idee gee van die terminologie** wat in die vraestelle gebruik word.

# Gereelde vrae

## BELANGRIKE INFORMASIE

**om te weet voordat jy** die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens skryf

### Q Wanneer behoort ek te begin voorberei vir die eksamen?

**A**

- **Die ideaal is om te begin voorberei vir die finale Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen vanaf die eerste dag in graad 12.** Volgehoue harde werk sal konstant goeie uitslae lewer.
- Niemand is egter volmaak nie. Jou **Wenke vir Sukses-boekie** verskaf inligting oor hoe om jou studies te beplan, hoe om te studeer, hoe om te onthou wat jy geleer het en hoe om suksesvol eksamen te skryf. Moet dus nie uitstel nie. Begin vandag om vir jou eindeksamen voor te berei.

### Q Hoekom is dit belangrik om matriek te slaag?

- Baie **intreevlakposte** vereis ten minste 'n matrieksertifikaat.
- **Om aanvaar te word vir 'n diploma- of graadkursus** by 'n kollege of universiteit benodig jy die regte vakke en goeie punte daarin.



### Q Wat is die vereiste som matriek te slaag?

Slaag jou **Huistaal** met **40%** of meer

\+

Slaag **2 ander vakke** met **40%** of meer

\+

Slaag **3 ander vakke** met **30%** of meer

### Q Watter studieopsies het ek na matriek?

**A**

**KRY 'N WERK EN STUDEER DEELTYDS**

- Alle matrikulante wil nie verder studeer nie. Sommige mense se omstandighede is sodanig dat hulle moet begin werk om hulle families te onderhou. Indien jy in hierdie kategorie val, kan jy oorweeg om deeltyds te studeer of 'n korrespondensiekursus te volg om jou kwalifikasies en inkomstepotensiaal te verbeter terwyl jy werk.

**STUDEER VOLTYDS**

- Kolleges vir Verdere Onderwys en Opleiding bied die grootste verskeidenheid van onderwys- en opleidinggeleenthede op naskoolse vlak. Die duur en toelatingsvereistes sal verskil van kursus tot kursus, na gelang van die aard van die kursus.

**VERWERF 'N NASIONALE DIPLOMA OF GRAAD**

- Sit jou studies voort aan 'n universiteit of 'n universiteit van tegnologie indien jy 'n nasionale diploma of graad wil verwerf. Die minimum duur van 'n graad en nasionale dioplomakursus is drie jaar. Toelating tot die inrigting van hoër onderwys word gebaseer op akademiese prestasie.

**PROBEER WEER**

- Jy kan aansoek doen om jou skrifte te laat hernasien of te laat kontroleer vir vakke wat jy gedruip het of waar jy nie die punte behaal het wat jy vir spesifieke doeleindes benodig nie, soos byvoorbeeld om 'n beurs te verwerf of bevredigende universiteitstoelatingsvereistes te behaal. As alternatief kan jy ook aansoek doen om die aanvullende eksamens te skryf om jou punte te verbeter.

### Q Hoe kan ek verdere studies bekostig?

**DOEN AANSOEK OM 'N BEURS**

- Jy kan aansoek doen om 'n beurs, studentelening of finansiële bystand, gebaseer op finansiële behoeftes of akademiese verdienste.

**NASIONALE FINANSIËLE HULPSKEMA**

- Die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NFHS) is 'n leningskema van die regering, met die addisionele aansporing dat 'n deel in 'n beurs oorgeskakel kan word (maksimum 40% ), afhangende van akademiese prestasie. Die lening is terugbetaalbaar sodra die student nie meer 'n voltydse geregistreerde student is nie, en 'n werk aanvaar het.

**NASIONALE VAARDIGHEDEFONDS**

- Beurse van die Nasionale Vaardighedefonds is beskikbaar vir studente met 'n studiefokus op skaars vaardighede. Universiteite besluit watter studente vir hierdie beurse kwalifiseer.

**FUNZA LUSHAKA BEURSE**

- Hierdie beurse dek die volle studiekoste en is beskikbaar vir kwalifiserende studente om 'n onderwyskwalifikasie te voltooi in 'n area van nasionale prioriteit. Ontvangers van hierdie beurse sal by 'n openbare skool moet onderwys gee vir 'n gelyke aantal jare as waarvoor hulle die beurs ontvang het.

**VOO-KOLLEGE BEURSE**

- VOO-kollege beurse is beskikbaar aan kwalifiserende studente vir die Nasionale Sertifikaat (Beroepsgerig) en vir sekere nasionale tegniese onderwyskursusse (NATED-kursusse by VOO-kolleges.

**WKOD ONDERWYSBEURSE**

- Die Wes-Kaap Onderwysdepartement bied beurse vir student wat onderwys wil gee in wiskunde, wetenskap en sekere tale.

Vir meer inligting oor al hierdier beurse, kontak die beurskantore van ons universiteite en VOO-kolleges.

BRIEWE

# Boodskap van:

## Die Wes-Kaap Minister van Onderwys

**Geagte Matriekkandidaat**

Die 2012 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen is om die draai en jy is met jou finale studiebeplanning vir die res van die jaar besig.

Ons leeders, skole en die Departement het hard gewerk vir hierdie oomblik. Ons het die volste vertroue in die klas van 2012. Ons wil hê julle moet weet dat ons julle ten volle ondersteun.

Ons het hard gewerk om die onderwysstelsel in die Wes-Kaap te verbeter en ons is vol vertroue dat die matriekuitslae van 2012 hierdie pogings sal beloon.

Terwyl ons spesiale ondersteuning verskaf het waar nodig, sal ons algehele sukses toon hoe hard ons onderwysers en leerders gewerk het deur elke dag in die klaskamer te doen wat hulle moes doen – basiese, goeie, professionele leer en onderrig.

Ons sukses sal ook die ondersteuning van ouers, sowel as van weldoeners van alle soorte reflekteer. Ons is opreg dankbaar vir al julle pogings. Nou hang dit nog net van jou af om te wys wat jy kan doen. Ons weet dat ons trots op jou sal kan wees.

Vriendelike groete
Donald Grant
Minister van Onderwys, Wes-Kaap

## Die Hoof van Onderwys in die Wes-Kaap

**Geagte Matriekkandidaat**

Ons wens alle kandidate alle sukses toe vir die 2012 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen. Julle het hard gewerk om sover te kom. Daar is slegs 'n paar weke oor voor julle begin eksamen skryf.

Ons raai julle ernstig aan om hierdie tyd wyslik te benut. Die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen is uiters belangrik. Goeie uitslae kan deure oopmaak wat die toekomstige rigting van jou lewe as 'n volwassene kan bepaal.

Ons het kopieë van ons boekie Wenke vir Sukses 2012 aan alle matrieks versprei. Die boek gee raad oor hoe om jou studietyd te beplan, hoe om te studeer en wat om te studeer vir elke vak.

Beplan jou studietyd versigtig en hou by daardie plan. Julle sal aangenaam verras wees om te sien hoe goed julle vaar indien julle gereeld werk en die studierooster getrou volg.

Werk sistematies deur elke vak, maak notas en breinkaarte, gebruik jou handboeke en studiegidse. Wanneer julle julle hersiening voltooi het, werk deur die vraestelle in hierdie bylae en deur ou eksamenvraestelle van die afgelope twee jaar.

Ons het volle vertroue in julle en weet dat julle pogings in hierdie tyd goed beloon sal word.

Vriendelike groete
Penny Vinjevold
Onderwyshoof,
Wes-Kaap



# Studie wenke

STAP 1

## 1 TYDBESTUUR

**BEPLAN OM DAAGLIKS TE STUDEER EN BEGIN VANDAG:**

- Stel 'n spesiale studieskedule op.
- 50-minute studieblokke met 10 minute onderbrekings werk goed.
- Geselekteerde vaste studietye vir elke dag (met inbegrip van 'n tydgleuf vir naweke).
- Gebruik skoolvakansies nuttig.
- Studeer vir ten minste 3 uur per dag gedurende die vakansie.
- Studievaardighede en -strategieë word slegs studiegewoontes indien dit gereeld beoefen word.
- Breek onderwerpe op in maklik-hanteerbare gedeeltes. Beraam hoeveel tyd benodig word, en verdubbel dit dan!



STAP 2

## 2 HOE OM TE STUDEER


- Besluit wanneer jy die beste werk, bv. vroeg in die môre, in die middae of saans.
- Waar werk jy graag? Tuis? Biblioteek? Skool? Gemeenskapsentrum?
- Waar kan jy ongestoord werk? Rig 'n plek in vir jou studies – tafel, stoel, ruim werkspasie, goeie beligting.
- Werk jy goed saam met ander? Het jy 'n vriend wat jou studiemaat kan wees?
- Hoe onthou jy inligting die beste? Sien? Hoor? Deur aksie? Mense het verskillende voorkeurleerstyle, maar gebruik almal.
- Maak jou studies aktief deur studiemetodes te gebruik soos neerskryf, teken, opsom, rympies maak of deur jou studiemaat te leer.
- Konsentreer ten volle en moenie jou gedagtes toelaat om te dwaal nie. Dit is iets wat verbeter met oefening.
- Moenie alles in die laaste minuut probeer baasraak nie.



STAP 3

## 3 DOELTREFFENDE EKSAMENSKRYFTEGNIEKE

- Begin vroeg en wees gereed om te begin.
- Lees en verstaan die instruksies.
- Kyk vooraf na die vraestel en ken die tyd wat nodig is aan elke deel toe.
- Pak elke vraag sistematies aan.
- Skryf iets neer vir elke vraag.
- Sit jou antwoorde duidelik uiteen.
- Indien jy voel dat jy nie in staat is om 'n sekere vraag te beantwoord nie, moenie paniekbevange raak en toelaat dat angs jou eksamenprestasie affekteer nie.
- Lees oor en doen korreksies.
- Bly tot aan die einde.




STUDIE HULPMIDDEL

# My studieplan

## 'n Onvoltooide studieplan om te gebruik vir jou beplanning.

**VOORBEELD VAN STUDIEPLAN**


| | SONDAG | MAANDAG | DINSDAG |
|---|---|---|---|
| WEEK 1 | Ontspan met gesin | 1. Wisk: Kwadratiese vergelykings en ongelykhede<br>2. Gesk: Die Burgerregtebewegings en Swartmag-bewegings in die VSA<br>3. Ekon: Kringloopmodel, nasionale rekeninge en vermenigvuldiger | 1. Wisk: Gelyktydige vergelykings<br>2. Gesk: Die Swartbewussynsbeweging in SA<br>3. Ekon: Sakesiklusse |



Wanneer jy die rooster gebruik sluit 3 studie sessies per dag van 50 minute elk in, met 'n 10 minute pouse tussen elke sessie. As jy hulp benodig om die rooster in te vul, verwys na die voorbeeld bo regs.

| | SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| WEEK 1 | | | | | | | |
| WEEK 2 | | | | | | | |
| WEEK 3 | | | | | | | |
| WEEK 4 | | | | | | | |
| WEEK 5 | | | | | | | |

Knip op die stippellyn om die studie- en eksamenrooster te gebruik.





# Nasionale Senior Sertifikaat-
# eksamenrooster 2012

OKTOBER/NOVEMBER 2012

| | SESSIE | TYD | VAKBESKRYWING |
|---|---|---|---|
| MAAN 22 OKT | 1 | 09:00 - 11:00 | Engels Huistaal Vraestel 1 |
| | | 09:00 - 11:00 | Engels Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 09:00 - 11:30 | Engels Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | 2 | 14:00 - 17:00 | Dramatiese Kunste |
| DINS 23 OKT | 3 | 09:00 - 12:00 | Rekeningkunde |
| | 4 | 14:00 - 16:00 | Duits Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Duits Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Hebreeus Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Portugees Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Portugees Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Portugees Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| WOENS 24 OKT | 5 | 09:00 - 12:00 | Rekenaartoepassingstegnologie Vraestel 1 (Praktiese) |
| | 6 | 14:00 - 16:00 | Frans Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | Latyn Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Moderne Grieks Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Urdu Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Urdu Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Urdu Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Arabies Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Hindi Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Hindi Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Hindi Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Tamil Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Tamil Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Tamil Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Gujarati Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Gujarati Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Gujarati Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Telegu Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Telegu Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Telegu Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Italiaans Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Spaans Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| DON 25 OKT | 7 | 09:00 - 12:00 | Fisiese Wetenskappe Vraestel 1 (Fisika) |
| | 8 | 14:00 - 14:30 | Rekenaartoepassingstegnologie Vraestel 1 (Opsionele Spoedtoets) |
| MAAN 29 OKT | 9 | 09:00 - 12:00 | Fisiese Wetenskappe Vraestel 2 (Chemie) |
| | 10 | 14:00 - 16:00 | Frans Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 15:30 | Latyn Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Moderne Grieks Tweede Addisionele Taal Vraestel |
| | | 14:00 - 16:30 | Urdu Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Urdu Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Urdu Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Arabies Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:30 | Hindi Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Hindi Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Hindi Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:30 | Tamil Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Tamil Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Tamil Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:30 | Telegu Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Telegu Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Telegu Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:30 | Gujarati Huistaal Vraestel 2 |
| DINS 30 OKT | 11 | 09:00 - 12:00 | Inligtingstegnologie Vraestel 1 (Praktiese) |
| | 12 | 14:00 - 17:00 | Musiek Vraestel 1 (Musiekteorie) |
| WOENS 31 OKT | 13 | 09:00 - 11:30 | Landbouwetenskappe Vraestel 1 |
| | | 09:00 - 12:00 | Seevaartkunde Vraestel 1 |
| | 14 | 14:00 - 17:00 | Inligtingstegnologie Vraestel 2 (Teorie) |
| | | 14:00 - 17:00 | Rekenaartoepassingstegnologie Vraestel 2 (Teorie) |
| DON 01 NOV | 15 | 09:00 - 11:00 | Afrikaans Huistaal Vraestel 1 |
| | | 09:00 - 11:00 | Afrikaans Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 09:00 - 11:30 | Afrikaans Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | 16 | 14:00 - 15:30 | Musiek Vraestel 2 (Musiekbegrip) |
| VRY 02 NOV | 17 | 09:00 - 12:00 | Wiskunde Vraestel 1 |
| | | 09:00 - 12:00 | Wiskunde Geletterdheid Vraestel 1 |
| | 18 | 14:00 - 16:30 | Duits Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Duits Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Hebreeus Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:30 | Portugees Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Portugees Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Portugees Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| MAAN 05 NOV | 19 | 09:00 - 12:00 | Wiskunde Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 12:00 | Wiskunde Geletterdheid Vraestel 2 |
| | 20 | 14:00 - 16:30 | Duits Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Portugees Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Portugees Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Urdu Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Urdu Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Tamil Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Tamil Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Telegu Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Telegu Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Gujarati Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Gujarati Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Hindi Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Hindi Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| DINS 06 NOV | 21 | 09:00 - 11:30 | Landbouwetenskappe Vraestel 2 |
| | 22 | 14:00 - 16:00 | Sesotho Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Sesotho Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | Sesotho Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Sepedi Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Sepedi Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | Sepedi Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Setswana Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Setswana Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | Setswana Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Xitsonga Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Xitsonga Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | Xitsonga Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Tshivenda Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Tshivenda Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | Tshivenda Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| WOENS 07 NOV | 23 | 09:00 - 12:00 | Geskiedenis Vraestel 1 |
| | | 09:00 - 12:00 | Maritieme Ekonomie |
| | | 09:00 - 12:00 | Perdestudies |
| | 24 | 14:00 - 16:00 | isiXhosa Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiXhosa Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiXhosa Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiZulu Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiZulu Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiZulu Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiNdebele Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiNdebele Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiZulu Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Siswati Huistaal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:00 | Siswati Eerste Addisionele Taal Vraestel 1 |
| | | 14:00 - 16:30 | Siswati Tweede Addisionele Taal Vraestel 1 |
| DON 08 NOV | 25 | 09:00 - 11:30 | Engels Huistaal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Engels Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Engels Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | 26 | 14:00 - 16:00 | Wiskunde Vraestel 3 |
| VRY 09 NOV | 27 | 09:00 - 11:30 | Lewenswetenskappe Vraestel 1 |
| | 28 | 14:00 - 16:30 | Landboubestuurspraktyke |
| MAAN 12 NOV | 29 | 09:00 - 11:30 | Lewenswetenskappe Vraestel 2 |
| | 30 | 14:00 - 17:00 | Ingenieursgrafika en - Ontwerp Vraestel 1 |
| WOENS 14 NOV | 31 | 09:00 - 12:00 | Besigheidstudies |
| | 32 | 14:00 - 16:30 | isiXhosa Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiXhosa Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiXhosa Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiZulu Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiZulu Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiZulu Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiNdebele Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiNdebele Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | isiNdebele Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:30 | Siswati Huistaal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Siswati Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 14:00 - 16:00 | Siswati Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| DON 15 NOV | 33 | 09:00 - 11:30 | Afrikaans Huistaal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Afrikaans Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Afrikaans Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | 34 | 14:00 - 17:00 | Ontwerp |
| VRY 16 NOV | 35 | 09:00 - 12:00 | Geskiedenis Vraestel 2 |
| | 36 | 14:00 - 17:00 | Meganiese Tegnologie |
| MAAN 19 NOV | 37 | 09:00 - 12:00 | Geografie Vraestel 1 (Teorie) |
| | 38 | 14:00 - 15:30 | Geografie Vraestel 2 (Kaartwerk) |
| DINS 20 NOV | 39 | 09:00 - 12:00 | Toerisme |
| | | 09:00 - 11:00 | Sport- en Oefeningwetenskap Vraestel 1 |
| | 40 | 14:00 - 17:00 | Ingenieursgrafika en - Ontwerp Vraestel 2 |
| WOENS 21 NOV | 41 | 09:00 - 12:00 | Ekonomie |
| | 42 | 14:00 - 16:00 | Religiestudies Vraestel 1 |
| DON 22 NOV | 43 | 09:00 - 11:30 | Sesotho Huistaal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Sesotho Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Sesotho Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:30 | Sepedi Huistaal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Sepedi Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Sepedi Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:30 | Setswana Huistaal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Setswana Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Setswana Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:30 | Xitsonga Huistaal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Xitsonga Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Xitsonga Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:30 | Tshivenda Huistaal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Tshivenda Eerste Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | | 09:00 - 11:00 | Tshivenda Tweede Addisionele Taal Vraestel 2 |
| | 44 | 14:00 - 16:30 | isiXhosa Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiXhosa Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiZulu Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiZulu Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiNdebele Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | isiNdebele Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Siswati Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Siswati Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| VRY 23 NOV | 45 | 09:00 - 12:00 | Landboutegnologie |
| | | 09:00 - 12:00 | Visuele Kunste |
| | 46 | 14:00 - 16:30 | Afrikaans Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Afrikaans Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| MAAN 26 NOV | 47 | 09:00 - 12:00 | Siviele Tegnologie |
| | | 09:00 - 11:00 | Sport- en Oefeningwetenskap Vraestel 2 |
| | 48 | 14:00 - 16:30 | Engels Huistaal Vraestel 3 |
| | | 14:00 - 16:30 | Engels Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| DINS 27 NOV | 49 | 09:00 - 11:30 | Sesotho Huistaal Vraestel 3 |
| | | 09:00 - 11:30 | Sesotho Tweede Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 09:00 - 11:30 | Sepedi Huistaal Vraestel 3 |
| | | 09:00 - 11:30 | Sepedi Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 09:00 - 11:30 | Setswana Huistaal Vraestel 3 |
| | | 09:00 - 11:30 | Setswana Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 09:00 - 11:30 | Xitsonga Huistaal Vraestel 3 |
| | | 09:00 - 11:30 | Xitsonga Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | | 09:00 - 11:30 | Tshivenda Eerste Addisionele Taal Vraestel 3 |
| | 50 | 14:00 - 17:00 | Verbruikerstudies |
| | | 14:00 - 17:00 | Gasvryheidstudies |
| | | 14:00 - 17:00 | Seevaartkunde Vraestel 2 |
| WOENS 28 NOV | 51 | 09:00 - 12:00 | Dansstudies |
| | | 09:00 - 12:00 | Elektriese Tegnologie |
| | 52 | 14:00 - 16:00 | Religiestudies Vraestel 2 |